



Vak: Graad 5 Sosiale Wetenskappe (Geografie)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 -
Eksamen 1
Totaal: 93 Punte

Naam: _____
Datum: _____

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1



<https://pixabay.com/en/cape-town-harbour-beauty-cityscape-1139567/>, September 2014

Vraag 1: Waar/Onwaar

2 punte

Hierdie gebied was eers 'n boeregemeenskap.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 2, 3



Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Areas langs die kus af is laagliggende areas.

WAAR

ONWAAR



Vraag 3: Waar/Onwaar

2 punte

Berge naby mere word met 'n ligbruin kleur aangedui.

WAAR

ONWAAR

Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die St. Luciameer is 'n riviermonding, want (1) .

Dit is op die noordkus van (2) geleë.


Opsies Is: Oos-Kaap | KwaZulu-Natal | dit is 'n binnelandse meer wat vars water bevat | dit is naby die kus en bevat brakwater

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 5, 6



Vraag 5: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die land wat direk noord van Suid-Afrika lê, is

- | | |
|----------|------------|
| A | Swaziland |
| B | Lesotho |
| C | Botswana |
| D | Noord-Kaap |

Vraag 6: Waar/Onwaar


2 punte

Suid-Afrika het vyf buurlande.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 7



Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die drie grootste mere in Afrika is die (1) , (2) en (3) .

Gee jou antwoorde in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: Malawimeer | Edwardmeer | Victoriameer | Albertmeer | Tanganjikameer | Kivumeer

1	
3	

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8, 9



Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die provinsie wat net die Atlantiese Oseaan as kuslyn het, is

Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter provinsie het beide die Atlantiese en Indiese Oseane langs sy kuslyn?

- | | |
|----------|----------------|
| A | Die Wes-Kaap |
| B | Die Oos-Kaap |
| C | Die Noord-Kaap |
| D | KwaZulu-Natal |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10



By <a href="//commons.wikimedia.org/wiki/User:Keenan_Pepper" title="User:Keenan

Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die mond van die Changanerivier is die

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 11, 12, 13



http://www.emersonkent.com/map_archive/south_africa_2011.htm

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die Oranjerivier mond uit in die

- | | |
|----------|-------------------|
| A | Indiese Oseaan |
| B | Atlantiese Oseaan |
| C | Vaalrivier |
| D | Bergrivier |

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Die Tugelarivier se oorsprong is in Gauteng.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|

Vraag 13: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die grootste syrivier van die Gariep-Oranjerivier is die

Vraag 14: Waar/Onwaar

1 punt

Die see wat aan die noorde van Afrika lê, is die Middellandse See.

WAAR**ONWAAR****Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15****Vraag 15: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Na aanleiding van wat jy geleer het oor die kleure en hoogte bo seevlak op 'n kaart, watter land in Afrika het die meeste hooglande?



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 16



Vraag 16: Skryf Jou Antwoord
Wat is die hoofstad van Soedan?

3 punte

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 17



Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die meeste van die hoogste land bo seevlak in Afrika word ... aangetref.

- | | |
|----------|-----------------------|
| A | noord van die ewenaar |
| B | suid van die ewenaar |
| C | oos van die ewenaar |
| D | wes van die ewenaar |

Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Sommige (1) eienskappe soos (2) vorm deel van grense tussen (3).

Opsies Is: fisiese | watervalle | dorpe | geboue | lande | riviere

1	
3	

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 19



Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Twee van die volgende stede is in lande wat deels suid van die ewenaar en deels noord van die ewenaar geleë is.

Kaïro, Lagos, Kinshasa, Johannesburg en Nairobi

Die lande is (1) en (2) .

Gee jou antwoorde in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: Nigerië | D.R. Kongo | Kenia | Egipte | Suid-Afrika

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 20: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee een woord vir die volgende definisie:

'n Klein soutwatergebied wat naby landelike gebiede is.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 21**Vraag 21: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die grootste trekpleister vir mense om hulself te vestig is

Voltooi die sin met slegs **EEN WOORD**.

Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

Mense woon soms in hoë bergagtige gebiede, want dit is warmer daar.

WAAR**ONWAAR**

Vraag 23: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die korrekte manier om die hoogte van Kilimanjaro aan te dui, is ... bo seevlak.

- | | |
|----------|----------|
| A | 5 895 mm |
| B | 5 895 cm |
| C | 5 895 m |
| D | 5 895 km |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24



https://en.wikipedia.org/wiki/Traffic#/media/File:I-80_Eastshore_Fwy.jpg, October 2006

Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die bou van paaie verander die voorkoms van 'n land, maar dit maak ... makliker.

Voltooi die sin met slegs **EEN WOORD**.

--

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

'n Plato is langs die kus geleë.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 26



https://en.wikipedia.org/wiki/Lake_Nasser#/media/File:Lake_Nasser_location.png,
January 2005

Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die Nylrivier vloei in die (1) in. Dit vloei (2) .

Opsies Is: meer | see | damwaarts | seewaarts

1	
---	--

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27



Vraag 27: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die stad Gaborone in Botswana, is geleë aan die ... rivier.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 28



Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die Drakensberge vorm 'n (1) tussen (2) aan die oostekant en die (3) aan die westekant.

Opsies Is: plato | platorand | KwaZulu-Natal | Vrystaat | Wes-Kaap | Oos-Kaap

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 29: Skryf Jou Antwoord

1 punt

Wanneer 'n rivier oor 'n baie steil helling vloei en na onder val, word dit 'n ... genoem.

--

Totaal: 93 Punte